kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Nabyheid en intimiteit

Skriflesing: Johannes 21:21

"The most beautiful thing we can experience is the mysterious. It is the source of all true art and all science. He to whom this emotion is a stranger, who can no longer pause to wonder and stand rapt in awe, is as good as dead: his eyes are closed."
— Albert Einstein

"This is my simple religion. No need for temples. No need for complicated philosophy. Your own mind, your own heart is the temple. Your philosophy is simple kindness."
— Dalai Lama XIV

"there's nothing more intimate in life than simply being understood. And understanding someone else."
— Brad Meltzer, The Inner Circle

Die reg om eie keuses te maak oor dood, lewe

Wilhelm Jordaan

Die bekroonde skrywer Karel Schoeman se selfdood op 77 in 2017 en die voortstuwende lewensinstink van die skrywer Elsa Joubert wat binnekort 96 word (en wat pas die kykNET-Rapport-boekprys vir nie-fiksie gewen het), bly in my gedagtes maal.

Dit sou gek en mensonterend wees om deur simplistiese teorietjies die herkoms van die verskil tussen Schoeman en Joubert se lewensingesteldheid te probeer peil.

Wat seker is, is dat albei skrywers die reg uitgeoefen het om eie keuses te doen oor hoe hulle die enkele leefbeurt wat hulle het, beleef en klaarmaak.

Vir Schoeman het die eens gemaklike bewussynstroom opgedroog. Sy eie woorde in die roman Verkenning kon nie meer werklikheid word nie: " . . . stoot die deur oop, beur teen die donker in . . . en begin nuut."

Daarom skryf hy voor sy selfdood: "Wat vir my voorlê, is menslik gesproke, na alle waarskynlikheid 'n toestand van gestadigde aftakeling en groeiende hulpeloosheid en afhanklikheid waardeur ek toenemend 'n las word vir myself en andere." Hy verlang na lewensafsluiting en dít verskyn postuum in 2017 as Slot van die dag.

In Joubert se pryswennende outobiografiese boek met die veelseggende, speelse titel Spertyd (die datum waarop iets veronderstel is om klaar wees en nog nie is nie!) word juis dié gestadigde aftakeling vertel, gedra deur 'n enorme selfverstaan, humor, ironie en diep deernis.

Sy mediteer as 't ware oor oudword en oudwees – die onbetroubare liggaam, die verlies aan vriende en ander geliefdes. En is steeds verwonderd oor die "wonderlike geweld" van voortgaande groei in mense en in die natuur.

In 'n onderhoud met Hanlie Retief in Rapport verskaf sy 'n sleutel tot die bewussynstroom wat by haar bly vloei: "Ek is nie versadig aan die lewe nie, as ek soggens wakker word, is daar altyd nog iets wat ek wil doen, nog woorde om mee te speel. Hoe sal ek weet wat ek dink as ek nie kan sien wat ek geskryf het nie?"

Almal van ons word die een of ander tyd met "die ouderdom" gekonfronteer – die ding wat die veerkrag van die lyf wegraap en die vuur van die siel steel. En dis nie sonder meer voorspelbaar oor wanneer en hoe dié aantasting kom nie.

Soos die digter Adriaan Roland Holst sê in die gedig "Zonsondergang" is ons "sonder insae in die vreemde sterwe van die ligte dae".

Verset teen die "vreemde sterwe" gaan oor waardig oud word, waardig leef en waardig sterf; dat elke lewensoomblik en -genieting jóúne is. Ook wanneer jy, soos Schoeman, besluit jy het genoeg geleef, genoeg gehad.

En ook as jy, soos Joubert, nie versadig is aan die lewe nie en bly voortbeur op soek na klarigheid oor "Die Krag" eie aan lewe, soos sy skryf in Spertyd: "Rus bestaan in sy teenstander Beweging, die een kan nie sonder die ander nie . . . Moeg beteken die Krag het opgehou. Krag beteken die Moeg het opgehou."

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/die-reg-om-eie-keuses-te-maak-oor-dood-lewe-20181002-2

"At the same time, you have to find the right distance between people. Too close, and they overwhelm you, too far and they abandon you. How to hold them in the right relation?"
— Hanif Kureishi, Intimacy: das Buch zum Film von Patrice Chéreau

Broodjies vir die pad

’n Blinde man het opgeklim
op Soutrivier, sy oë was wit;
geluister vir die stiltes tussen
pendelaars en daar gaan sit.
Sy stem en sy kitaar was moeg:
hy’t skamerig en sag begin
om bo die groot gedruis in Xhosa
Koos Doep se Gebed te sing.
Die aunties van die townships en
die Zimmers en ’n vet, bles oom
het een-een ingeval en saam
oor god en ander goed gedroom.

Uit: Asof geen berge ooit hier gewoon het nie – Pieter Odendaal

---

“I have been a lucky man. To feel the intimacy of brothers is a marvelous thing in life. To feel the love of people whom we love is a fire that feeds our life. But to feel the affection that comes from those whom we do not know, from those unknown to us, who are watching over our sleep and solitude, over our dangers and our weaknesses – that is something still greater and more beautiful because it widens out the boundaries of our being, and unites all living things.”
— Pablo Neruda

“The world is so empty if one thinks only of mountains, rivers & cities; but to know someone who thinks & feels with us, & who, though distant, is close to us in spirit, this makes the earth for us an inhabited garden.”
— Goethe

Brood vir die pad

Om ten spyte van God in God te glo en Hom lief te hê?

‘In een van die ruïnes in die Warskou-ghetto, bewaar in ’n klein bottel en versteek tussen verskroeide klippe en menslike beendere, is die volgende dokument gevind, geskryf in sy laaste ure deur ’n Jood met die naam Yosl Rakover . . .”

Met dié woorde begin ’n kort teks van Zvi Kolitz wat in September 1946 in ’n Joodse koerant in Buenos Aires, Argentinië, verskyn het.

Iemand het die verhaal ’n paar jaar later na ’n koerant in Israel gestuur, wat dit sonder die naam van die skrywer gepubliseer het. Die gevolg was dat heelwat lesers nie besef het dat dit fiksie is nie.

Die teks het gou in Europa bekend geraak, en talle – onder andere die Duitse skrywer Thomas Mann en die Joodse filosoof Emmanuel Levinas – is daardeur ontroer.

Yosl Rakover Talks to God, soos wat die teks in Engelse vertaling heet, beskryf die laaste woorde van ’n ortodokse Jood wat aan ’n oproer in die ghetto deelgeneem het.

Sy kamerade is reeds doodgemaak en sy vrou en ses kinders het ook as gevolg van verskriklike omstandighede gesterf. Soos Job in die Bybel, wend hy hom tot God:

“I wish to speak to you clearly and frankly, to say that we – the tormented, the reviled, the suffocated, the buried alive and burned alive – have the right to know: Where are the limits to your patience?”

God moet daarom, skryf Yosl Rakover, diegene vergewe wat in hul ellende en woede hul rug op God gedraai het.

Tog, so lees ons teen die einde van die verhaal, neem Yosl die geloofsbelydenis oor van ’n Joodse rabbi wat ten spyte daarvan dat hy alles verloor het, nogtans uitgeroep het:

“God of Israel, You are doing everything to make me cease believing in You. But if You think that You will succeed with these trials in deflecting me from the true path, then I cry out to You that that none of it will help . . . I will always believe in You and love You – even despite You.”

As laaste woorde neem Yosl dan die Sjema, Israel se kernbelydenis, op sy lippe: “Hoor, Israel, die

Here is ons God . . .” (Deuteronomium 6:4). Met as byvoeging woorde uit Psalm 31: “In U hande gee ek my gees oor.”

Here is ons God . . .” (Deuteronomium 6:4). Met as byvoeging woorde uit Psalm 31: “In U hande gee ek my gees oor.”

Met die lees van *Yosl Rakover Talks to God* kan ’n mens nogal wonder waarom hierdie vreemde teks met mense resoneer.

Dalk omdat dit klop met baie se deurleefde ervaring dat geloof in hierdie God te make het met vrae én verbintenis, met opstand én oorgawe? – RRV

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/om-ten-spyte-van-god-in-god-te-glo-en-hom-lief-te-he-20180928

“You can give without loving, but you can never love without giving. The great acts of love are done by those who are habitually performing small acts of kindness. We pardon to the extent that we love. Love is knowing that even when you are alone, you will never be lonely again. & great happiness of life is the conviction that we are loved. Loved for ourselves. & even loved in spite of ourselves.”
— Victor Hugo, Les Misérables

“When we are securely rooted in personal intimacy with the source of life, it will be possible to remain flexible without being relativistic, convinced without being rigid, willing to confront without being offensive, gentle and forgiving without being soft, and true witnesses without being manipulative.”
— Henri J.M. Nouwen

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877